

Gereformeerde Kerk Bellville – 8 November 2015 – aand

Sing vooraf staande: Psalm 146:3, 8 (p. 700)

- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE^oalleen bly wag.
- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 18:1, 14 (p. 71)

- 1 Ek het U hartlik lief, o HEER! / U is my sterkte^oen teëweer.
Die HEER's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 14 Gods weg is gans volmaak soos Hy, sy woord van al wat smet is, vry,
soos goud, gelouter sewe maal. / Hy is 'n skild van keurmetaal
vir almal wat op Hom vertrou. / Want wie's daar buiten U, o HEER!
U is die Rots, geen ander meer, / op wie ons altyd weer kan bou.

Gebed

Psalm 118:7, 8 (p. 577)

- 7 Dit is die HEER wat my gesterk het. / Hy is my lied, my psalmgesang;
Hy was dit wat my heil bewerk het, / dus loof ek Hom my lewe lang.
Ek hoor alom die blye galme / van vromes na die lydensnag;
hul tent weerklink van dankb're psalme: / Gods regterhand doen grote krag.
- 8 Gods regterhand is hoog verhewe, / sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe, / maar hef sy volk uit lyde^oen smaad.
Ek sal nie kwyn in slawebande / wat my ter dood toe wil omknel;
ek sal nie sterf deur vyandshande, / maar al Gods werke bly vertel.

Skriflesing: 2 Korintiërs 5:11-21; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, Artikel 5

Kernvers: 2 Korintiërs 5:14-15

**Want die liefde van Christus dring ons, omdat ons van oordeel is, dat
as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het; en Hy het vir
almal gesterwe, sodat die wat lewe, nie meer vir hulself moet lewe nie,
maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is.**
(2 Korintiërs 5:14-15 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 2, Artikel 5

*Verder is dit die belofte van die evangelie dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo,
nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. Hierdie belofte moet aan alle volke en
mense aan wie God na sy welbehag die evangelie stuur, sonder onderskeid en willekeur
verkondig en bekend gestel word, met die eis tot bekering en geloof.*

Tema: Die liefde van Christus dring ons om vir Hom te lewe

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, as 'n mens die woord *fanaties* hoor, dink jy aan mense wat so in beslag geneem is deur 'n idee of 'n saak dat hulle alle ander dinge laat staan net om daardie een ding te doen. Ondersteuners van 'n sportspan kan fanaties wees. Daar is mense wat in die politiek fanaties is – dink maar aan die nasionalistiese gevoel wat daar onder die Afrikaner geheers het in die vorige eeu.

'n Ander woord wat ons in die plek van *fanaties* kan gebruik, is *dring* of *drang*. Wanneer 'n mens in jou gemoed oortuig is van 'n ding word jy van binne af gedring om iets te doen. Wanneer 'n jongman en 'n meisie mekaar verseker het van hulle liefde dring die liefde van die ander een jou om sekere dinge te doen wat jy nie sommer vroeër sou gedoen het nie.

Wat dring jou om iets te doen? 'n Nog belangriker vraag: Dring die liefde van Christus vir jou en my al om die belofte van die evangelie aan almal te verkondig? Ons vra hierdie vraag vir mekaar omdat dit die vraag is wat uit hierdie vyfde artikel van ons Dordtse Leerreëls na vore kom.

Tot dusver het ons in die tweede hoofstuk aangaande die kosbare dood van ons Here Jesus Christus die volgende bely:

- God het sy Seun as Borg gegee aan ons, sodat Hy in ons plek sonde en vervloeking aan die kruis geword het om vir ons te voldoen, want ons kan nie self aan God regverdige eis voldoen nie (Dordtse Leerreëls 2:2).
- Christus se offer is die enigste en volmaakte offer vir die sondes en is genoegsaam vir die versoening van die hele wêreld se sondes (Dordtse Leerreëls 2:3).
- Christus se offer is volkome genoegsaam omdat Hy nie net 'n ware en regverdige mens is nie, maar ook ware God, en omdat Hy geweet het dat Hy die toorn van God en die vloek van die sonde aan die kruis dra (Dordtse Leerreëls 2:4).

Aangesien God self sy Seun as Borg en Middelaar gegee het en Christus die enigste Een is deur wie mense verlos kan word, maak die Here self die belofte – ***elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, sal nie verlore gaan nie maar sal die ewige lewe hê*** (vgl. Joh 3:10-16).

Iemand kan egter net in Christus glo as hy die evangelie van Christus gehoor het. Daarom moet die evangelie aan mense verkondig word. Om hierdie rede bely ons dan dat die belofte van die evangelie ***aan alle volke en mense aan wie God na sy welbehae die evangelie stuur, sonder onderskeid en willekeur verkondig en bekend gestel word, met die eis tot bekering en geloof.***

Die tweede sin van artikel 5 klink gedeeltelik aan ons bekend. In die derde artikel van hoofstuk 1 bely ons: ***God stuur uit genade verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap na wie Hy wil en wanneer wil***, en hier sê ons: ***God stuur na sy welbehae die evangelie.*** Deur die verkondiging van die evangelie roep God mense tot bekering en geloof in Christus, so bely ons dit in albei artikels. Maar nou sê ons hier in artikel 5 dat God se roep deur die evangelie nie maar net 'n uitnodiging is nie – die verkondiging van die belofte is 'n ***eis tot bekering en geloof***. Daar is 'n dringendheid aan hierdie stuur van die evangelie deur God. Dringend omdat Hy weet wanneer die laaste dag aanbreek – nie dat God daardeur in angs raak nie. Hy sal elkeen van sy beloftes volledig uitvoer tot op die laaste dag. Dit is eerder 'n dringendheid om ons as kerk van die Here aan te vuur om nie te talm met die verkondiging van die belofte aan ander mense nie, want ons weet nie wanneer die laaste dag aanbreek nie.

Hierdie dringendheid sal alleenlik by ons kan posvat deur die kragtige werking van die Heilige Gees. Ons sal eers gedring voel wanneer ons regtig besef watter groot genade die Here aan ons bewys het deur sy Seun. En as hierdie besef behoorlik grondgevat het in ons hart en lewe sal ons nie anders kan as om gedring te voel nie. Ons sal nie anders kan nie as om net vir die Here alleen te lewe.

Paulus het hierdie dringendheid om die evangelie aan alle mense te verkondig, geken. In ons gelese gedeelte gee hy twee redes waarom hy so gedring voel om Christus as Verlosser aan alle mense te verkondig. Die eerste rede tref ons in vers 11 aan. Hy sê:

Omdat ons dan die vrees van die Here ken, probeer ons om die mense te oortuig.
(2 Korintiërs 5:11a AFR53).

Onder *vrees van die Here* verstaan ons dat 'n mens ontsag en eerbied vir God het. Maar in hierdie Skrifgedeelte verwys *vrees* ook na iets anders. Die woordjie *dan* aan die begin van vers 11 lei ons om te kyk wat vooraf gesê is. In vers 10 sê die Heilige Gees dat alle mense eendag voor die regterstoel van Christus sal verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy gedoen het, of dit goed of kwaad is.

Dit gaan dus oor die oordeel op die laaste dag. Die mens wat nie in Christus glo nie en nie die Here gehoorsaam het nie, het verkeerd gedoen in die oë van die Here. So 'n ongelowige is dan die voorwerp van God se toorn en hy gaan vir ewig deur God gestraf word. Die mens wat egter in Christus glo en die Here gehoorsaam het, het goed gedoen in die oë van die Here. So 'n mens word dan finaal vrygespreek en gaan vir ewig saam met die Here op die nuwe aarde lewe, want Jesus was in daardie mens se plek die voorwerp van God se toorn oor die sonde.

Paulus sê ons ken die vrees van die Here, want die Here Jesus Christus het sy liefde aan ons geopenbaar. Wat is hierdie liefde van Christus? Dit is die liefde wat Hy aan sondaars betoon het toe Hy in hulle plek aan die kruis gesterf het as straf op hulle sondes. En dit is omdat Christus sy liefde ook so aan Paulus en Timoteus – hulle twee het saam hierdie brief aan die Korintiërs gestuur (2 Kor 1:1), en *ons* in die kernverse verwys na hulle twee – openbaar het dat hulle nie anders kan nie as om die belofte van die evangelie aan almal te verkondig.

Jy kan nou vra: Maar kan die liefde van iemand wat jy nog nooit gesien het nie regtig jou lewe so ten volle in beslag neem? Ons vra die vraag, want niemand van ons het die Here Jesus al gesien nie. En onthou, Paulus en Timoteus het Jesus ook nie gesien en geken voor sy hemelvaart nie. Daarom vra ons weer: Kan iemand se liefde vir jou jou lewe so totaal omdraai dat jy radikaal anders lewe en optree as voorheen?

Luister hoe antwoord die Heilige Gees op hierdie vraag van ons. Paulus skryf in vers 16 dat ons Christus na die vlees geken het. Hy praat van die tyd voor sy bekering op die pad na Damaskus. Ons het Christus en sy lewe volgens menslike maatstawwe beoordeel. En vir Paulus wat 'n gebore Jood is en daarby nog 'n Fariseër was, het hy net een opinie oor Christus gehad – Jesus was vir hom 'n bedrieër. Volgens wat hy verstaan het kon Jesus nie die Christus of die Messias wees nie. Jesus het dan nie die Jode van die Romeinse oorheersing verlos en weer die koninkryk van Dawid opgerig nie.

Inteendeel, Jesus het geleer dat jy jou vyand moet liefhê. Vir die Jode was die Romeine vyande. Hoe kan 'n mens iemand liefhê wat jou land oorgeneem het? En om alles nog te kroon het Jesus aan 'n houtkruis gesterf soos 'n gewone misdadiger. Maar wat die kruis

nog erger maak is dat God self gesê het dat iemand wat aan 'n houtpaal opgehang word deur Hom vervloek is. In Paulus en elke ander Jood se oë was Jesus nie die Christus, die Seun van God en die Verlosser nie. Hy was 'n vervloekte bedrieër.

Omdat Paulus hierdie oortuiging aangaande Christus gehad het, het hy soos 'n besetene rondgegaan om elke volgeling van Jesus met die dood te dreig. Hy was daarop uit om die kerk van die Here Jesus en die Naam van Jesus van die aarde af te laat verdwyn. Voor sy bekering was Paulus fanaties vir die Joodse geloof. So skryf hyself daarvoor aan die kerk in Filippi:

As iemand anders meen dat hy op die vlees kan vertrou, ek nog meer. Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, 'n Fariseër; wat ywer betref, 'n vervolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik.
(Filippense 3:4-6 AFR53).

Maar van die oomblik af dat die verheerlikte Jesus Christus op die pad na Damaskus aan Hom verkyn het, het hy algaande besef dat al daardie goed wat vir hom so belangrik was net mooi niks beteken nie. Hy het ook meer en meer besef dat hy nie vir God gelewe het toe hy so te kere gegaan het teen Jesus en die kerk nie. Hy het inderwaarheid net vir homself gelewe. Hy was selfsugtig, want hy wou vir homself 'n goeie plek voor die Here verdien. En as dit beteken dat hy ander mense daarvoor moes vermoor dan sou hy dit doen. Hy het immers Stefanus se moord goedgekeur.

Die Heilige Gees het vir Paulus tot die besef gebring dat Jesus inderdaad as 'n vervloekte aan die kruis gesterf het, maar Hy was nie 'n misdadiger of 'n bedrieër nie. Jesus het die vloek van die sonde gedra, daarom het Hy die verskriklike wrede dood aan die kruis gesterf. Jesus het vir Paulus se sondes aan die kruis gesterf – Hy het in Paulus se plek gesterf. Paulus het besef dat hyself eintlik verdien het om deur God verlaat te word en in die ewige verderf te beland. Maar Christus het in sy plek daardie ewige straf gedra en deur sy opstanding uit die dood aan Paulus die nuwe lewe gegee. Dit is hierdie liefde van Christus vir Paulus wat sy lewe radikaal van koers laat verander het.

Paulus se eie lewe – sy eie ek en dit wat hy graag wou hê – het vir hom niks meer beteken nie. Die liefde van Christus vir hom het gemaak dat hy met alle dringendheid die evangelie van Jesus Christus aan soveel mense as moontlik verkondig het. Al het dit beteken dat hy self groot ellendes beleef het. Gaan lees maar in 2 Korintiërs 11 wat Paulus alles deurgemaak het net omdat hy nie anders kon nie as om vir die Here te lewe.

As gesant van Christus is hy gestuur sodat God deur hom mense tot bekering en geloof in Jesus Christus kon roep. Dit was vir Paulus 'n saak van groot dringendheid om mense om Christus wil te oorreed: Laat julle met God versoen! Paulus het immers die vrees van die Here geken. Hy het geweet wat gaan gebeur as iemand nie in Christus glo en in sy ongeloof tot sterwe kom. So 'n mens gaan onder die ewige toorn en straf van God beland. Daar is dan nooit weer 'n terugkeer na die Here toe nie. Daar is nooit weer genade en verlossing na die dood nie. Maar die liefde van Christus is so heerlik, want dit verlos jou van alle sondes en dit verlos jou van jouself – jou eie ek en jou selfsugtige begeertes wat jou teen God en Christus en teen die Heilige Gees te staan laat kom.

Broer, suster en kind, glo ek en jy met ons hele hart en siel in Jesus Christus? Is ons deur die Heilige Gees oortuig dat Jesus Christus ons met sy kosbare dood van die toorn van God en die vloek van die sonde verlos het? Ek is seker dat baie van ons *ja* op albei hierdie vrae sal antwoord. Baie van ons het immers al belydenis van ons geloof gedoen. En hier is

jong broers en susters wat binne die volgende tyd ook by die kerkraad sal vra om belydenis van hulle geloof te doen. Ons het gesê dat ons die Here liefhet en ons het dit vanaand ook gesing. Ons kan dit alleenlik sê omdat ons deur die Heilige Gees en Woord oortuig is dat Christus ons so liefhet dat Hy sy lewe vir ons afgelê het. Die dood wat Hy aan die kruis gesterf het, het Hy in ons plek gesterf. Na regte moes ons eintlik aan die kruis gehang het en vir ewig die toorn van God gedra het as straf.

In Christus het ons God leer ken as die regverdige God wat die sonde nie verdra nie. Kyk hoe het Christus in ons plek gely en gesterf. Omdat die Heilige Gees ons met die ware geloof in Christus ingelyf het, ken ons ook die vrees van die Here. Ons weet dat diegene wat nie in Christus glo nie en nie die Here gehoorsaam nie, nie die ewige lewe sal ontvang nie. Die Here self sê dit vir ons en ons glo Hom.

Nou die vraag waarop elkeen van ons alleen eerlik voor die Here moet antwoord: Hoe eg is die liefde van Christus in my en jou lewe? Het sy liefde ons lewens al radikaal verander of stribbel ons nog teen hierdie verandering wat die Gees in ons bewerk omdat ons nog te verknog is aan ons eie ek en ons selfsugtige begeertes? Mag die Heilige Gees ons almal hoe langer hoe meer oortuig dat ons in lewe en in sterwe met liggaam en siel nie meer aan onself behoort nie, maar aan ons troue Saligmaker Jesus Christus wat sy liefde vir ons aan die kruis betoon het. Mag hierdie liefde van Christus ons dring om vir die Here alleen te lewe sodat ons lewe en woorde prediking sal wees waardeur God mense tot bekering en geloof in Jesus Christus roep.

Amen!

Slotgebed

Psalm 40:4, 5 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.
- 5 Nou sal ek u geregtigheid laat hoor: / daarvan in groot vergadering
vryuit die blye boodskap bring, / uit dankbaarheid tot sanglus aangespoor.
U trou wat nooit beswyk het, / u heil wat ons geblyk het, u guns oneindig groot –
sal ek my hulde bring / in groot vergadering / van vriend en gunsgenoot.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
8 November 2015